Jaarverslag 2019

VERSLAG MNR. L G H WELTHAGEN

Geagte Mnr. Naude, Lede van die Beheerliggaam, Skoolhoofde teenwoordig, Mnr. H Kachelhoffer, Mnr. T du Plessis (namens Mnr. Drinkwater), Mnr. S Bester (namens Mnr. Lourens) Mev. R van Rensbrug (namens Oompie Kedoompie), skoolverteenwoordigers (namens Rooiskool, Mev. Conradie en Mnr. F Stemmet en 6 van hul Prefekte), namens Blouskool (Mnr. R Burger en Mnr. M van Zyl en 6 van hul Prefekte), oud-skoliere, ouers, vriende, personeel en die heel belangrikste, ons leerlinge.

Sentrale Volkskool het meer as net ‘n trotse verlede, want ons staan vir ‘n ideaal. ‘n Ideaal wat oor 111 jaar ‘n gebalanseerde Afrikaanse skoolmilieu vir elke unieke kind die ruimte bied om sy/haar potensiaal ten volle te ontwikkel.

Dit is vir my ‘n aangename voorreg om Sentrale Volkskool se Jaarverslag aan u voor te hou en ek doen dit graag in diepe afhanklikheid van Ons Hemelse Vader. Met die saamstel van hierdie Jaarverslag het ons daarna gestreef om die hoogtepunte van 2019 aan ons ouers voor te lê.

Hierdie hoogtepunte laat ‘n mens besef dat die afgelope jaar gepaard gegaan het met harde werk, hoë kwaliteit van nagestrewe doelwitte en baie seën van ons Hemelse Vader.

Hartlike dank aan elke ouer wat ons ondersteun het hierdie jaar en dat u bereid was om die ekstra myl saam met ons te stap. Die bestuur, die opvoeders en leerders het weereens ervaar hoeveel ondersteuning die ouerkorps van Sentrale Volkskool aan ons verleen het. Hierdie ondersteuning maak ‘n groot deel uit van ons sukses.

Danksy ‘n spanpoging tussen opvoeders, ouers en leerders is daarin geslaag dat Sentrale Volkskool produktief en effektief sy doelwitte bereik het. Die Opvoeders van Sentrale Volkskool het, soos in die verlede, met groot professionaliteit gefunksioneer en elke taak met oorgawe aangepak en volvoer. Die passie van elke opvoeder is opmerklik en is beslis ‘n bate vir die opvoeding van ons leerders.

Ons wil graag vanaand elke leerder hartlik gelukwens met jul prestasies deur die jaar. Julle is ons trots en ons juig vanaand saam met elkeen wat ‘n toekenning ontvang. My wense en bede is dat elke opvoeder, ouer en leerder sal fokus op dit wat waarde het, en dat 2020 voorspoed en vrede vir elke huisgesin sal inhou.

Ek laat u met die gedagte vir 2020 volgens 2 Korintiërs 10:17 en 18: “Hy wat roem, moet in die Here roem”. Die man wat die proef deurstaan het, is nie een wat homself prys nie, maar die een wat deur die Here geprys word.

ALGEMEEN

TER NAGEDAGTENIS

Ons opregte meegevoel aan opvoeders, ouers en leerders wat dierbares gedurende die jaar aan die dood moes afstaan. Mag die Hoërhand u omvou in Sy liefde en ondersteuning.

ONDERWYSPERSONEEL

‘n Baie groot dankie aan u as onderwyspersoneel vir u harde werk. Dankie vir u positiewe ingesteldheid en vir dit wat u in elkeen van ons kinders se lewens inploeg.

Dankie dat u as ‘n span met my saamwerk en dat u ingekoop het in die veranderings wat geïmplementeer is. U harde werk en positiewe gesindheid word raakgesien en opreg waardeer.

LEDE VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Dit is my wens om elkeen van die Beheerliggaamslede opreg te bedank vir die span wat u is. Vir die onsettende harde werk wat u insit, vir die onbaatsugtige bydrae wat u elkeen maak en vir die goeie spangees wat daar onder ons heers. Ook ‘n hartlike woord van dank aan die gades van die Beheerliggaam vir u ondersteuning, dit word ook raakgesien en opreg waardeer.

My begeerte is dat u personeel sal aanstel wat inkoop by die skool se visie en waardesisteem. Moenie afwyk van die skool se waardesisteem nie, leef die skool se waardes uit en bly beginselvas. My beste wense vergesel u met die taak wat op u wag.

SKOOLGELD – DIE REALITEIT

Daar is egter ‘n belangrike saak wat met groot omsigtigheid, maar sonder om doekies om te draai, onder u aandag gebring moet word, dit handel oor die wanbalans in die betaling van skoolfondse.

Geagte ouers, dit is my opregte wens dat u sal insien wat die boodskap is wat, ek aan u wil oordra. As ons nie genoegsame befondsing het nie, loop ons ‘n pad van:

1. onvoldoende onderwyspersoneel met sub-standaard onderwysers en onderwyseresse,
2. ‘n pad van oorvol klaskamers met 40 tot 45 leerders per klas wat onbeheerbaar is vir onderwyspersoneel,
3. ‘n pad van sub-standaard onderrig met kinders wat nie ‘n benul het van wat in die klas aangaan nie,
4. sosiale wanorde en swak dissipline,
5. sub-standaard sport- en kultuurafrigting met min geleentheid vir deelname aan buitemuurse aktiwiteite wat ons kinders se balans versteur,
6. ‘n pad waar vryheid van assosiasie soos in die grondwet omskryf word vir ons as Afrikaanse gemeenskap op laerskoolvlak, waar waardes vasgelê word, erg bedreig word en
7. waar die uitleef van ons geloof agv omstandighede buite ons beheer ingeperk word. ‘n Pad waar ons van bemagtiging ontneem word.

U as ouers kan kies watter pad om te loop, maar ongelukkig word u keuse bepaal deur u as ouers se finansiële bydrae, of weerhouding daarvan, tot die skool. Ons kan nie dít waarna ons streef tot uitvoering bring sonder u getroue, finansiële ondersteuning nie.

BORGE

Hoe sê ‘n mens dankie vir mense wat finansieël in jou skool belê terwyl besighede daar buite baie swaar trek? Om elke besigheid of instansie vanaand te bedank gaan my letterlik die hele aand besig hou.

Ons wil net baie dankie sê, sonder u hulp, finansies en insette sou ons baie projekte by die skool nie kon aanpak en voltooi nie. Dankie vir al ons groot borge, maar weet net die kleiner borge is nie minder belangrik nie, inteendeel u aandeel het baie gate toegestop wat ons andersins uit die skool se fondse sou moes betaal.

BESTUURSPAN

Baie dankie aan die Bestuurspan vir al julle harde en wonderlike werk in 2019. Mev. Carol Fourie, Mnr. Jaco Viljoen, Mnr. Hennie du Plessis, Mev Annika Kruger, Mev. Vredea du Toit, en Mev. Seugnet Oelofse in haar afwesigheid, julle is sterre. Julle is die enginkamer van die skool en hierdie jaar het julle weereens gekook!

Niks is vir julle ‘n probleem nie en spanwerk is julle leuse. Juf. Carol en Mnr. Jaco, baie dankie vir ure se harde werk voor die rekenaar, die korrektheid en stiptelikheid waarmee jy die akademie by die skool dryf.

KOSHUIS

Baie dankie aan Mev. Elize Jordaan, Mev. Barbara Schmidt en julle span werkers wat tans die pot aan die kook hou in die koshuis. Sonder julle sal die koshuis net nie dieselfde wees nie! Julle sorg nie net dat die magies vol is nie, maar vee ook elke traan af wat val. Julle is nie net matrones nie, maar ook sielkundiges, dokters, finansiële raadgewers, "handy-vrouens" en so kan ons aangaan. Niks staan vir julle hande verkeerd nie.

Baie dankie dat julle deel is van ons koshuisspan! Dankie aan al ons ouers wat so mooi gehelp het om dit vir ons kinders lekker te maak by die koshuis. Sonder julle samewerking sou ons dit nie kon doen nie. Ons weet dat ons koshuis 'n huis is vir ons kinders en hulle akademiese-, kultuur- en sportresultate hierdie jaar getuig daarvan. Van ons koshuisprefekte is ook op die skool se leerderraad, laat 'n mens dink dat ons iets reg moet doen by die koshuis.

AAN U AS OUERS:

U is die dryfveer wat hierdie skool laat funksioneer. Ondersteun ons, word aktief deel van ons skool, woon u kind se sportbyeenkomste by, motiveer u kind, deel in die spangees en help ons om ons skool en u kind se belange te bevorder. Dankie aan elkeen van u en dat u saam met ons trotse Senties is!

AAN ONS LEERDERS:

Julle is die middelpunt waaroor alles gaan en waarom Sentrale Volkskool hier is. Julle is die toekomstige leiers van ons pragtige land. Gryp die geleenthede aan wat vir julle gebied word, kies om ons kultuur uit te leef, kies om positief te wees en kies om suksesvol te wees in alles wat jy aanpak.

Dit is ons wens dat elkeen van julle werklik sal groei tot julle volle potensiaal en dat Sentrale Volkskool 'n positiewe impak op elkeen van julle se lewens sal hê.

Ons groet ons Gr. 7-leerders vanaand en wens hulle alles wat mooi is toe vir die toekoms wat voorlê. Mag julle hoërskoolloopbaan julle net vreugde verskaf en gaan leef nou hierdie motto van ons skool ten volle uit – "Senties skitter vir Jesus". Baie geluk aan elke kind wat vanaand 'n prys ontvang, ons is baie trots op julle.

OOMPIE KEDOOMPIE KLEUTERSKOOL

Albei ons skole sien met groot opgewondenheid daarna uit dat Oompie Kedoompie se Gr. R-klasse voorlopig deel van Senties gaan word. Ons is tans besig met die proses, maar die onderhandelinge met die Departement van Onderwys vorder maar baie stadig. Ons hoop en vertrou dat die dit spoedig afgehandel sal word.

Dankie aan elke juffrou vir julle ongelooflike positiwiteit jeens ons skool, ons sien uit daarna om met julle saam te werk. Dit is vir ons 'n voorreg om julle as deel van ons te hê en ek glo dat ons twee skole saam net van krag tot krag sal gaan.

Soos u weet, neem ons vanaand afskeid van Juf Roniel en Juf Lenette. Dankie vir al julle harde werk oor al hierdie jare, ons gaan julle ongelooflik mis. Ons sal voortbou op die werk wat julle hier met soveel passie gedoen het.

TEN SLOTTE

Die skool wil weereens alle ouers, personeel en vriende van Sentrale Volkskool bedank vir 'n suksesvolle 2019. Ek kan met vertroue sê dat u toewyding aan Sentrale Volkskool, sy leerders, ouers en die gemeenskap, geen perke ken nie.

Dankie aan my vrou, en my dogter vir julle ondersteuning gedurende die jaar. Julle is maar my klankbord as ek by die huis kom na 'n moeilike dag en julle motiveer my weer vir die volgende dag. Dankie Sus, dat jy so goed doen op skool en dat jy net 'n plesier is vir ons as ouers.

Dankie my vrou, dat jy jou plekkie langs my volstaan. Jou uithouvermoë ken geen perke nie.

HEMELSE VADER

Ek loof en prys my Hemelse Vader vir gesondheid en dat Hy Sy genade oor my uitgestort het hierdie jaar. My God is nie net groot nie, my God is goed! Dankie Here dat U my liefhet net soos ek is.

Mag u 'n ongelooflike, Goddelike Kersgety beleef- een wat vrede bring. 'n Tyd waar families, huisgesinne en vriende weer bymekaarkom en lekker tye saam beleef. 'n Tyd waar **eerlikheid** en **opregtheid** die wagwoord sal wees. 'n Tyd waar ons meer tyd in die teenwoordigheid van ons Hemelse Vader sal spandeer en die lewe en sy mense meer waardeer.

Ek dank u!

SBO PERSONEEL

Hierdie is ons studente-span. Dankie vir elkeen van jul se positiewe ingesteldheid teenoor die onderwys. Dankie ook vir elkeen van jul se bydrae by buitemuurse aktiwiteite, fondsinsamelings, sport en kultuur. Sterkte met die eksamens en studies volgende jaar. Ons waardeer elkeen van jul.

Mej. W Botes
Mej. E Venter
Mej. E Blom
Mej. C Hayes
Mnr. F Froneman
Mnr. M Aucamp
Mnr. D Dreyer
Mej. L Loggenberg
Mej. L Jacobs
Mej. L Geldenhuys
Mej. S Daffue
Mnr. J Fivaz
Mnr. W Vergottini

REKENAARTEGNOLOGIE

Die rekenaarsentrum word gebruik om leerders se vaardighede te ontwikkel. Leerders kry die geleentheid om met 'n rekenaar te werk en die programme te gebruik. Graad 4-7 leerders gebruik die sentrum om navorsing te doen vir hulle skooltake. Graad 1 – 3 leerders kry geleentheid om rekenaargeletterd te raak deur eenvoudige programme te gebruik wat opvoedkundige waarde het. Die LSOB-klas gebruik ook die sentrum om prente te soek vir assesserings en om speletjies te speel om hulle rekenaarvaardighede te ontwikkel. Leerders word vroeg blootgestel aan tegnologie en moet leer om dit reg te gebruik. Leerders geniet die rekenaars baie en sal dit in die toekoms baie kan gebruik.

REDENAARS

Senties se Redenaars is ons trots. Jaarliks neem ons redenaars intern deel en daarna aan die ATKV streekskompetisie. Ons neem ook deel aan die Radikale Redenaars en Senekal Redenaarsfees.

ATKV Redenaars

Die volgende redenaars het deelgeneem aan die ATKV Streeksuitdunne:
Jana Geldenhuys, Chlöe Els, Carli Erasmus, Andi Greyling, Mieke Erasmus, Johanné Jonker, Kaylie Steyl, Zanro van Rensburg, Nieke Botha, Shaun Morgan.
Die volgende redenaars dring deur na die Vrystaat-Finaal:
Chlöe Els, Carli Erasmus, Kaylie Steyl, Zanro van Rensburg, Nieke Botha.

Landswye Finaal:
Chlöe Els neem deel aan die Landswye finaal by Goudini-Spa.

Radikaal Redenaars:

Die volgende redenaars dring deur na die Vrystaat-Finaal:
Jana Geldenhuys, Xander Naudé, Carlie Erasmus, Chloë Els, Mieke Erasmus, Johanné Jonker, Kaylie Steyl, Shaun Morgan.

Landswye-Finaal:

Chlöe Els behaal ‘n derde plek in die Gr.3-afdeling
Mieke Erasmus behaal ‘n derde plek in die Gr. 4-afdeling
Shaun Morgan behaal ‘n tweede plek in die Gr.6-afdeling

Senekal Redenaars:
Die volgende leerlinge presteer op Senekal Redenaarsfees:
Chlöe Els – Lekkerste luister, Mieke Erasmus – Beste aanbieding, Kaylie Steyl- Lekkerste luister en Shaun Morgan – Lekkerste luister.

Senties Flinkdink

Met Senties se jaarlikse Flinkdink vir die Gr.4 tot 7 leerders is die volgende wenners aangewys na ‘n spannende kompetisie:
Graad 4
1ste Caru-Lize Crots
2de Mieke Erasmus
3de Kyle van den Berg

Graad 5
1ste Helene Fourie
2de Emre van Niekerk
3de Ruan Jacobs

Graad 6
1ste Shaun Morgan
2de Wian La Cock
3de Schalk Jonker

Graad 7
1ste Ricky Gomes
2de Kara Roux
3de Mariané Jacobsz

Conquesta Olimpiade

Ons Grondslagfase sowel as die Intermediêre fase neem hierdie jaar weer deel aan die Conquesta Internasionale Olimpiade. Die Olimpiade is gedurende Augustus afgeneem. Ons skool behaal uitstekende resultate en is onder die top 20 skole in Suid-Afrika. Hier volg 2018 se uitslae. Gr 1 Afrikaans Huistaal 4de plek, Lewensvaardighede 15de plek. Graad 2 Afrikaans Huistaal 13de plek en Lewensvaardighede 6de plek. Graad 4 behaal vir Bybelstudie ‘n 7de plek. Graad 6 behaal ‘n 20ste plek vir Afrikaans Huistaal en ‘n 16de plek vir Bybelstudie. Graad 7 behaal ‘n 7de plek vir Bybelstudie. 2019 se uitslae lyk soos volg:

Junior Primêr:
Lewensvaardighede Persoonlike Ontwikkeling (Goud)
Afrikaans (Platinum)
Wiskunde (Diamant)
Lewensvaardighede Skeppende Kuns (Goud)

Senior Primêr:
English Additional Language (Silwer)
Afrikaans (Silwer)
Wiskunde (Koper)

Algemene Kennis (Koper)
Bybelstudie (Silwer)
Die top 20 uitslae vir 2019 word eers in Januarie 2020 bekend gemaak.

Remediërende onderrig

Tans is daar 36 leerders wat die gespesialiseerde onderrig ontvang. Individuele onderrig aan die leerders met spesifieke leerprobleme in lees, spel en Wiskunde blyk steeds van groot waarde te wees. Vordering geskied na wense, maar leerders word aangemoedig om daagliks n stukkie uit n storieboek van hulle keuse te lees. Lees kan slegs verbeter as jy elke dag aandag daaraan gee. Lees met begrip is ook baie belangrik. Rekenaaronderrig met lees, klanke en Wiskundeprogramme word ook gebruik om probleemareas aan te spreek. Daar word ook gekyk hoe elke kind in n klassituasie reageer, want in ‘n groep reageer kinders soms anders as een-tot-een-onderrig.

Didaktiese klasse

Hierdie klasse word na skool aangebied vir leerlinge wat spesifieke leerprobleme met Afrikaans en Wiskunde in die klas ondervind. Dit is ekstra hulp aan leerlinge wat nie by R.O. inskakel nie. Hierdie hulp is gratis en word in die middae na skool aangebied. Hier word aandag gegee aan dele van die werk waarmee die leerders sukkel. Daar is tans 16 personeellede betrokke by hierdie klasse. Deur didakties bied ons dus hulp aan ‘n verdere 140 leerlinge in die skool. Die belangrikste is dat die leerders self die verantwoordelikheid moet neem om by hierdie klasse uit te kom indien hulle met n sekere afdeling van die werk sukkel.

WOW Spelfees 2019

Ons het hierdie jaar vir die vierde keer amptelik deelgeneem aan die Universiteit van Stellenbosch (US) en Sanlam se “Woorde open Wêrelde (WoW) Spelfees” Die eerste siftingsproses begin op skoolvlak waar elke klas van graad 1 tot graad 7 ‘n spelrondte skryf. Die top 10 spellers in elke graad gaan dan na die Distriksrondte waar daar 42 leerlinge uit die Fezile Dabi-distrik aangewys word om aan die Vrystaat Provinsiale Rondte in Bloemfontein te gaan deelneem. Van die 42 distrikdeelnemers word 12 deur Sentrale Volkskool verteenwoordig. Met die Vrystaatrondte vaar die Senties weereens uitstekend. Die eerste drie plekke in elke graad kwalifiseer om aan die Nasionale Kampioenskappe te gaan deelneem in Stellenbosch op 19 Oktober 2019. Die volgende Sentie is deel van die span wat die Vrystaat verteenwoordig: (Medalje verwerf tydens Vrystaat in hakies)

Graad 2: Jana Geldenhuys (brons)

Tydens die Nasionale Kampioenskappe in Stellenbosch staan ons leerling nie ‘n tree terug vir die res van Suid-Afrika nie:

Graad 2 Jana Geldenhuys

Trompoppies

Die groepie bestaan uit 20 dogters van graad 1, 2 en 3. Die leidstertjie vanjaar is Cuylen Brand. Dis ‘n baie gedrewe en pligsgetroue groep dogters t.o.v. oefening. Hulle is toegewyd en konsentreer hard om al die bewegings onder die knie te kry. Dit vat ure se oefening en geduld om ons optrede só goed te kry. Tydens optredes lyk hul altyd pragtig en geniet elke oomblik daarvan. Hulle selfbeeld en liggaamshouding verbeter met elke optrede.

Sentievaria-Ritmegroep

Die ritmegroep was vanjaar weer ‘n heerlike aktiwiteit waar daar baie hard geoefen is. Ons begin in Januarie oefen om ‘n program van 7 minute op die planke te bring. Na die oudisie is 24 dogters gekies vir die groep. Ons het ook elke jaar ‘n oefenkamp waar ons die meeste van ons bewegings aanleer. Hier oefen ons tot almal stokflou is.
Na baie ure se harde werk van liedjies bymekaar sit, kostuums beplan en die liedjies choreografeer was ons in Julie reg vir ons eerste optrede. Ons wil vir Lené Le Roux bedank vir die choregrafie en ure se harde oefen met ons kinders bedank ook Mev. Janine Oelofse vir die grimmering van die dogters.

Die dogters het die Opedag-optrede geweldig geniet, al was daar uitdagings met die kragonderbrekings. Op 15 Augustus tree ons in die Sand Du Plessis Teater in Bloemfontein op. Op hierdie dag is ons dogters bederf deur te kon gaan fliek en daarna by die Spur te gaan eet! Baie dankie aan ons borge wat dit vir ons moontlik gemaak het. Die dogters tree teen 18 ander groepe op, bestaande uit beide Laerskool-en Hoërskoolleerders. Hierdie optrede wissel van groepe wat trompoppies, "POM-POMS" en revue doen. Na afloop van so 'n prettige dag en 'n optrede wat eersteklas was, word ons dogters gekroon as die wenners van die aand! 'n Eerste vir die Sentie-Varia revuegroep!

Wegbrekers

Die aktiwiteit is vir die meeste kinders die hoogtepunt van die jaar. Elke Wegbreker geniet hierdie kampe terdeë. Hul kan na so 'n naweek nie uitgepraat raak oor alles wat hulle gedoen het nie. Wat is nou lekkerder as om te gaan kamp saam met jou maats? Die Wegbrekers (Graad 4-7), gaan elke kwartaal met 'n ander graadgroep na 'n ander kampterrein toe. Ons het deur die jare al 'n paar kampplekke uitgesoek wat die kinders die beste akkommodeer.
Ons is baie dankbaar vir al die fasiliteerders wat ons kinders so baie dinge leer en hul aanspoor om uitdagings te oorwin.

Spraak en Drama

Ongeveer 57 leerlinge neem deel aan die Spraak- en Dramaklasse. Daar is tans vier onderwyseresse by die afrigting van die klasse betrokke: Mev. Karen Crause (Gr. 1-3), Mev. Dene Els (Gr. 4 & 6), Mev. Stefanie Cornelissen (Gr. 5) en Mev. Monica Ströh (Gr. 7). Ongeveer 52 leerlinge neem tydens Julie aan die Goudveld Kunstefees in Welkom deel. Ons behaal uitstekende uitslae en vier leerders word as katogoriewenners in hul onderskeie afdelings aangewys. Tydens September lê 46 van ons leerlinge die jaarlikse formele eksamen van die SA Spraak- en Drama Kollege af. Die eksamen word afgeneem deur Kobus Strydom en die leerders handhaaf 'n hoë standaard. Die volgende leerders is as graadwenners aangewys:
Gr. 1 Barend van der Merwe
Gr. 2 Jana Geldenhuys
Gr. 3 Carli Erasmus
Gr. 4 Marco van Niekerk
Gr. 5 Kaylie Steyl
Gr. 6 Shaun Morgan
Gr. 7 Nieke Botha
Ons sien met trots daarna uit om in 2020 weer die Drama-afdeling van die Kroonstad Eisteddfod by Senties aan te bied!

Skaak

Die skaakgroep het oefensessies regdeur die jaar gehad. Hierdie oefensessies het beginnerspelers se skaakkennis verbreed. Dit het ook die geleentheid vir kompeterende skaakspelers gebied om spelers van Graad 1 tot Graad 7 uit te daag met hul skaakspel. Die skaakgroep het tot 20 spelers gegroei wat gereeld die oefeninge bygewoon het. Na 'n suksesvolle skaakseisoen en getroue bywoning van oefeninge reg deur die jaar sien ons uit om aan volgende jaar se skaakliga deel te neem.

Expo

Die leerders het aan die Goudveld Eskom Expo deelgeneem waar hulle baie goed presteer het. Die uitslae volg:

Junior deelnemers (Graad 4 – 6)

Goud: Jano Jacobs (Kategoriewenner)
Silwer: Helené Fourie, Hannes Fourie, Wian la Cock (Kategoriewenner)

Leerders het baie goed presteer hierdie jaar. Ons hoop dit motiveer die leerders om meer inskrywings vir die Expo in 2020 te kry.

Bybelvasvra

Ons het hierdie jaar vir die tweede keer aan die vasvra deelgeneem. Daar is 2 spannne in die junior afdeling ingeskryf. Die 8 leerlinge het baie hard gewerk.
Daar is hoofstukke in die Bybel deurgegee waaruit die vrae gevra is. Elke versie in daardie Bybelboeke en gegewe hoofstukke is intens bestudeer en in vrae omskep.

Span 1: Shaun Morgan, Nadia Campher, Zanne-Mari Greeff, en Minki Cornelissen
Span 2: Zanro van Rensburg, Izandri Greeff, Helené Fourie en Kaylie Steyl.

Die leerlinge het hulle baie goed van hulle taak gekwyt.
Span 1 eindig 14 de en Span 2 eindig 15de in die landswye kompetisie.

VCSV en Skoolverwisselingskamp

Graad 7 leerrders woon tydens die vierde kwartaal die VCSV-Skoolverwisselingskamp te Maselspoort by. Ervare personeel van die Vrystaattak van die VCSV bied die kamp aan en leerlinge word toegerus om die uitdagings van die hoërskool aan te pak met geloofsekerheid.

Opsaal Koshuis

Opsaal Koshuis vorm ‘n belangrike verlengstuk van die Christelike opvoeding wat u kind by Sentrale Volkskool ontvang. Dissipline vorm een van die belangrikste pilare van die koshuislewe.
Kinders kan hulself ten volle uitleef in die geborge omgewing wat die koshuis bied. Die koshuislewe bied ook oneindig baie voordele t.o.v. die persoonlikheidsontwikkeling van die kind.
Baie dankie ook aan elke ouer en personeellid van Opsaal Koshuis wat altyd bereid is om ons te help. ‘n Groot ***dankie*** aan al die ouers wat hul kinders aan ons toevertrou om van OPSAAL KOSHUIS hul tweede tuiste te maak.

Nasorgsentrum by die skool

Hierdie onafhanklike sentrum word op ons perseel aangebied. Die volgende persone lewer ‘n professionele diens by ons skool. Hul sorg dat u kind se huiswerk gedoen word. Mev. Freda Crowther is by Gr. 1 en 2, Elize Prinsloo Gr. 3 en 4 en Susan Hattingh Gr. 5 & 6 en 7. Kostes beloop R450 per kind per maand. Die nasorg is vanaf Maandag tot Donderdag van 13:30 tot 17:15.

Finansies

Die skool se finansies word jaarliks geoudit deur die firma Deane & Thresher. Die state is beskikbaar by die finansiële kantoor.

Oompie Kedoompie

Die getal staan tans op 114 kleuters. Daar is twee Graad R en drie Juniorklasse.

Personeel verbonde:

Hasies:	Me Lenett de Klerk
Pandas:	Me Roniel van Rensburg
Beertjies:	Me Maronel Vorster
Leeus:	Me Aletta Engels
Cheetahs:	Me Sonja Coetzee
Nasorg:	Me Maronel Vorster en Sonja Coetzee.
Broodjies:	Me Elize Prinsloo wat met groot sorg en toewyding hierdie taak doen.
Werkers:	Lucy, Martha en Lappies.

Dankie aan die span wat as ‘n eenheid saamwerk, want daarin lê krag.

Ons is baie afhanklik van fondsinsamelings en ons het ‘n baie suksesvolle jaar op dié gebied gehad. Weereens dankie aan elke borg, sowel as aan elke ouer wat sy kant dubbel en dwars gebring het.

Ons Kuierdag was ‘n dag wat ons lank sal onthou. Die geesdrif en entoesiasme op hierdie dag sê alles omtrent ons skool.
Dit is met groot hartseer dat ons moet afskeid neem van Me Roniel van Rensburg en Me Lenett de Klerk. Dankie vir ALLES wat julle vir Oompie Kedoompie gedoen het. Julle kennis en vaardighede gaan vir seker baie gemis word. Ons salueer julle. Mag God julle ryklik seën en die pad vorentoe saam met julle loop.

Graad 1 Kuierdag

‘n Eerste vir Senties – ‘n Winter-kuierdag. Met “ Frozen” en “Olaf” as tema, spring die JP- span weg met hulle kreatiewe denke. Die paadjie na die kantoor is versier met die mooiste ballonkastele. ‘n Ysige atmosfeer met wit lap en feëliggies het ons besoekers begroet. Die trommies en revuegroep het almal na hul asem laat snak en die kleutertjies wil sommer dadelik deel word daarvan. Ons seuntjies wat die liedjie “Buk met die boude” uitgebeeld het, het almal laat skaterlag. Ons modeparade wys aan die ouers wat Sentieland alles bied. Mnr Welthagen het die ouers toegespreek terwyl ons kleuters hulle aktiwiteite geniet het. Eksperimente om van water ys te maak, malvalekker-braai, gooi van hoepels oor bokhorings, kegelbal (sneeumanne omgooi met ysballe), plak wortels op Olaf se neusie en maskers van Olaf, is gemaak.
Elke gesin het ‘n koevert ontvang met inligting van die skool en kalender vir 2020. Die kinders is met ‘n bederfpakkie huis toe gestuur.
Ons dank aan ons Hemelse Vader vir Sy seën, Sy liefde en Sy genade.
Senties bo !!!

Rugby

Die leerders van ons skool het wonderlik presteer! Dit was ‘n belowende jaar met fantastiese uitslae.

Die uitslae volg:

Odensia Aandreeks: 0/11A en 0/13A spanne neem deel aan die toernooi. Spelers het die gesonde kompetisie baie geniet.

1. Die 0/11 en 0/13 Rugbyspanne het aan die “Itec Bloemfontein-uitdaging” deelgeneem. Die 0/13 span neem teen groot skole deel en wen die oorgrote meerderheid van hul wedstryde. Die 0/11 span verloor twee wedstryde, speel een wedstryd gelykop en wen een wedstryd.

2. Die 0/11A en 0/13A Rugbyspanne neem deel aan die Griffons-liga vir Laerskole. Hulle het baie goed presteer en die spelers het die sterk kompetisie tussen skole baie geniet.

3. Die volgende spelers word gekies vir die 0/12A en 0/13A Cravenweekspanne:

    - 0/13A - Pieter van Schalkwyk
    - 0/13C - Daniël Meintjes
    - 0/12A - Danie Fourie

4. Die volgende speler het aan die Griffons 0/14 proewe deelgeneem:

    - Dandré Bloem

Ons bedank al die afrigters vir die seisoen wat verby is. Baie dankie vir al julle insette in Sentrale Volkskool se rugby. Baie dankie aan al die ouers tydens 2019 vir julle ondersteuning, ons skool waardeer dit opreg.

Atletiek

Ons jaarlikse kleursport, vroeg in Januarie, was ‘n groot sukses. Goeie prestasies is alreeds daar deur ons atlete behaal.
Senties se atlete het deur die jaar ook aan die Fonteine - en Fichartpark Prestige byeenkomste deelgeneem. Goeie suksesse is ook daar behaal.

Ons atlete het gewys dat hulle reg is vir ‘n goeie seisoen met die wonderlike deelname tydens ons kleursport. Baie dankie aan elke leerder wat deelgeneem het om dit ‘n besondere geleentheid te maak.
Tydens die **Satelliet 10/12** byeenkoms het 89 atlete deelgeneem en uitstekend presteer. Daar is 58 eerste plekke, 22 tweede plekke, 25 derde plekke en 10 vierde plekke behaal.
Tydens die **Kroon Atletiekbyeenkoms** kwalifiseer 45 atlete om deel te neem aan die Noord-Vrystaat byeenkoms te Sasolburg.
Gedurende die **Noord-Vrystaat-kampioenskappe** in Sasolburg behaal ons atlete 8 plekke:
Ons ontvang 2 medaljes; 1 goud en 1 silwer.

Na afloop van die byeenkoms word 6 atlete opgeneem in die Noord –Vrystaat-Atletiekspan wat aan die Vrystaat- kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem het.
Hierdie atlete is Seuns : Ivan de Bruyn , Henro Jacobs, Jaco Kleingeld
Dogters: Minè Naude, Simonè Janse van Rensburg, Nadia Campher
Ongelukkig kwalifiseer geen atlete vir die Suid-Afrikaanse kampioenskappe nie.
Ons atlete het vanjaar goeie prestasies gelewer en ook goeie vordering getoon waarop hulle net volgende jaar kan voortbou.
‘n Opregte woord van dank aan elke onderwyser en ouer wat ure opgeoffer het om ons atlete af te rig en na byeenkomste te vergesel. Julle is baie kosbaar en spesiaal!
Aan ons Hemelse Vader alleen al die lof en eer.

Landloop

Ons is trots op die atlete wat aan die landloopliga deelgeneem het. Die landloopligagroep het hierdie jaar tot 22 leerders gegroei. Tien van hierdie atlete het die Interprovinsiale Span gehaal. Die ligas het in Riebeeckstad plaasgevind. Hulle het op verskeie Vrydae-middae liga gehardloop dat die stof so staan. Die afstande wat die leerders gehardloop het, wissel tussen 1km en 4km. Dit verskil per ouderdomsgroep tot ouderdomsgroep. Om vir die Lejweleputswa- en die Vrystaatspan gekies te word, is vier van die ses ligas verpligtend. Die ligas vind tussen Mei en Augustus plaas. GP du Plooy (0/9) en Veronique van der Walt (0/13) het albei tot die Lejweleputswa-span gehaal. Veronique van der Walt het verder tot die Vrystaatspan deurgedring. Sy het in September in Pretoria aan die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe deelgeneem en puik presteer. Al die atlete het baie hard geoefen en ons glo dat daar volgende jaar weer puik prestasies gaan wees.

Netbal

Wat ‘n wonderlike netbal-seisoen het ons nie in 2019 gehad nie.

Ons beskik aan die einde van ‘n besige 2019 ‘n span afrigters met goeie kwalifikasies.
Ons afrigters het skeidsregters- en afrigtingskursusse bygewoon.
Ons het ook ‘n skeidsregter wat ‘n SA gradering het en wat gekies is vir die Fezile Dabi-Distrik vir ‘n skeidsregterskursus in Bloemfontein. Baie afrigters het die netbal se reëlbespreking gedoen en geslaag.

Vlak 1 – 16, Vlak 2 – 7, Vlak 3 - 1

14 van ons afrigters het ook die afrigterskliniek bygewoon in Sasolburg.
Ons is nou reg vir ‘n nuwe seisoen met baie kennis.

Wedstryde:

Mini-Netbal
Die spannetjies het aan 7 toernooie deelgeneem gedurende die seisoen. Tydens elke toernooi vaar ons spanne besonder goed en word die spelertjies geleer om in verskillende posisies te roteer en hul vaardighede sodoende uit te brei. Ons 0/9’s neem ook deel aan die Riebeeckstad-aandreeks.

Senior-netbal
Ons skop die jaar af met Odensia-aandreeks waar ons 0/13A span in die Plaatfinaal speel. Al ons spanne, 0/10A-0/13B neem deel aan ons ligawedstryde. Ons C-spanne neem deel aan ‘n dag in Riebeeckstad.

Ons 0/12 en 0/13 netbaldogters neem ook deel aan Fezile Dabi Proewe.
Twee van ons 0/12 dogters gaan deur na die volgende proewerondte: Miné Naude en Simoné Janse van Rensburg. Ons is sommer baie trots op die twee dogters.

Toere en klinieke:

Dié jaar toer ons 0/10 - 0/13 Netbalspanne na die "ITEC-Toernooi" in Bloemfontein.
Ons 0/7-0/9's het 'n kliniek bygewoon wat deur Anchen Nel aangebied is. Dit word deur baie spelertjies bygewoon.

Baie dankie aan elke afrigter en skeidsregter vir hul toegewyding en die passie waarmee hul afrig. Dankie vir ons busdrywers wat met so 'n goeie gesindheid ons afrigters en dogters veilig by hul bestemmings gekry het. U gesindheid word opreg waardeer.

Dankie aan elke ouer wat gereeld langs die bane was om ons te ondersteun. U maak elke afrigter se taak 'n plesier. Sonder borge kan ons nie 'n netbalseisoen suksesvol aanpak nie. Ons opregte dank aan elke borg betrokke.

Hokkie

Senties-hokkie groei elke jaar van krag tot krag. Hierdie jaar het Senties 'n totaal van 184 spelers. Ons het 17 spanne gehad hierdie jaar wat aan verskeie ligas deelgeneem het. Agtien spelers is in verskeie provinsiale spanne opgeneem. Senties het hierdie jaar ons eie hokkiedag aangebied. Hier het 41 spanne deelgeneem van verskeie ouderdomsgroepe. Dit was ook 'n eer vir Senties om die nuwe Astrobaan in Kroonstad, te kon open. Senties was die eerste skool wat op hierdie baan kon speel en die eerste skool wat 'n toernooi daarop aangebied het. Ons glo die toernooi gaan nóg groei in die toekoms. Hokkie by Senties is suksesvol as gevolg van uitstekende afrigters. Ons het 2 afrigters wat provinsiale spanne afgerig het. Senties se kinders is tops en werk baie hard, daarom bereik hulle groot hoogtes met hokkie.

Krieket

Ons krieketspanne vaar uitstekend die jaar en het alreeds baie goeie prestasies behaal. Ons is egter besig met ligawedstryde, dus kon liga-uitslae nog nie bekendgemaak word nie. Baie geluk aan elke span wat mooi presteer het in die liga en sterkte met julle laaste paar wedstryde. Ons het sewe 0/11 seuns in die Fezile Dabi-Suid krieketspanne en vyf in die 0/13 spanne, wat 'n uitstekende prestasie is.
Baie geluk aan ons personeel wat aangewys is as afrigters van die onderskeie Fezile-Dabi spanne:

Mnr. H. du Plessis	0/13A
Mnr. D. Dreyer	0/13A
Mnr. F. Froneman	0/11A
Mnr. M. Aucamp	0/11A
Mnr. W. Vergottini	0/11B

Die volgende seuns haal die Fezile-Dabi B-spanne:
0/11 Ewan van Rensburg, Renaldo Capazorio, MC Potgieter, Marco van Niekerk
0/13 Henro Jacobs, Danie Fourie

Die volgende seuns haal die Fezile-Dabi A-spanne:
0/11 Dylan Young, WJ van Niekerk, Theo Oosthuizen
0/13 JC Young, Herman Kleynhans, Werner Saunderson

'n Hartlike woord van dank aan elke afrigter wat baie ure opgeoffer het en steeds besig is om 2019 weereens 'n puik krieketjaar vir Senties te maak.

Jukskei

Die jukskei hierdie jaar het sommer goed begin toe daar baie nuwe spelers opdaag by die oefeninge. Al die leerlinge is in spanne ingedeel en kon aan al die ligawedstryde deelneem. Tydens die ligawedstryde vind ongelooflike ontwikkeling plaas en leer die nuwelinge eintlik waaroor jukskei gaan. Jy moet lank staan in die son en heeltyd konsentreer en op hoogte bly van wat jou span se telling is.

Dit het hierdie jaar goedgegaan met die jukskei. Ons skool het gespog met die volgende ligaspanne: 1 A-span, 2 B-spanne en 2 C-spanne.

Vrystaatbeker-Toernooi 2019

14 September 2019 vanaf 8:00 tot 13:30 by Jukskeipark.
Drie van ons spanne neem deel in verskillende afdelings en die uitslag is as volg

A-Afdeling:	A span eindig 1 ste in die A-afdeling.	
B-Afdeling:	B 1-span	3 de in die B-afdeling
	B 2-span	2 de in die B-afdeling

Uitblinkers van die dag:

Rigard van Zyl,
Wian la Cock,
Jano Jacobs,
Franco Norval,
Mackayla Zaaiman
Lalieta Zaaiman

Jukskei Liga

A Afdeling:	A-span:	1 goue medalje
B Afdeling:	B2-span:	3 brons medaljes
C Afdeling:	C2-span:	3 brons medaljes

Tydens die SA Juniorkampioenskappe 9-15 Desember 2018 op Jukskeipark presteer die spelers as volg:

Rigard van Zyl word vir die 0/13 NVS A seuns Elite span gekies

Baie dankie aan Mev Marietjie Herbst, Mev Annemarie Schoonraad, Mev Louise Fourie, Mev Althea Norval en Mnr Jan Schoonraad vir u hulp as afrigters. Dankie ook aan Mev Alta Zaaiman wat tydens die ligadae uitgehelp het as afrigter. Dit word opreg waardeer.

Swem

Dit het vanjaar weer baie goed gegaan met ons swemmers. As gevolg van Môrewagswembad wat stukkend was, het ons Kroonstadskole se Kroonstadgala in Sasolburg gehou. Ons het 13 individuele plekke behaal. Shaun Morgan het 7 eerste plekke behaal.

Tydens die Noord-Vrystaat swemkampioenskappe behaal ons skool 10 individuele- en 16 aflosmedaljes. Ane Crous 1x tweede plek, Wilona Erasmus 1x tweedeplek, JC Young 2x vierde plekke, Johan Kriel 1x eerste plek en 1x tweede plek en Shaun Morgan 1x derde plekke, 4x tweede plekke en 1x eerste plek. Ons behaal 1x derde plek, 2x tweede plekke en 1x eerste plek in die aflosse.

Tydens die Vrystaat-kampioenskappe neem 6 van ons skool se swemmers deel. Shaun Morgan behaal ‘n eerste plek, ‘n tweede plek en ‘n derde plek.

JC Young en Gerrit Engelbrecht neem deel aan die Midmarmyl en vaar skitterend.

Tennis

Dit het vanjaar baie goedgegaan met ons tennisspanne. Ons het spanne in die volgende ligas ingeskryf:
Dogters 0/10A & B en 0/14A & B asook seuns 0/14A & B.
Ons het deelgeneem teen skole soos Kroonheuwel, Eben Dönges, Humansvlakte, Kleinbroek en Viljoenskroon.

Die volgende spelers is ingesluit in die Kroonspan:

Dogters 0/10
Micke-Dunay le Roux, Tess Samuels, Carli Serfontein.

Seuns 0/10
Andi Greyling

Dogters 0/12
Lezani Engelbrecht en Kaylie Steyl

Dogters 0/14
Miné Naudé

Seuns 0/14
SP Kruger

Die volgende spelers het die NVS – span verteenwoordig die jaar:

Tilla Kleynhans D0/10
Lezani Engelbrecht D0/12
Miné Naudé D0/12
Jaco Engelbrecht S0/14

Playball:

Oompie Kedoompie

Playball is 'n konsep wat al meer as 30 jaar bestaan. Dis oorspronklik ontwikkel in 'n sportomgewing deur 'n sportafrigter en vandag geld dieselfde beginsels na soveel jaar: Ons glo dat die program 'n uitstekende bydrae kan maak op elke vlak van jong kinders se lewe deur hul fisiese vaardighede te ontwikkel!
By Playball gaan jou kind sy basiese bewegingservaring uitbrei. Dit beteken dat die program jou kind gaan help om fisiese vaardighehede sodanig te verbeter dat jou kind later met selfvertroue aan sport sal kan deelneem. Selfs meer belangrik: Jou kind sal deur blootstelling aan die program sekere ontwikkelingsvaardighede onder die knie kry wat baie belangrik is vir skoolgereedheid en daarom sal jou kind beter vaar in die klaskamer!
'Playballers' in Oompie Kedoompie: jul is almal wenners… vir die Hasies was die fantasiespel voor elke aktiwiteit die lekkerste, die Pandas en Skapies het ná harde werk en konsentrasie die reeksvaardighede baasgeraak en laaste maar nie die minste nie…die kompeterende Leeus en Cheetahs wat goeie spanwerk gelewer het, ek en tannie Belinda gaan julle verseker verlang, sterkte vir jul eerste skooljaar in Senties!
En toe begin die Playgolf!...

Senties en **Oompie Kedoompie Playgolf**

Ons Playgolfers het deur die loop van die jaar omtrent gegroei! Matthew Deyzel het kinders afgerig en klasse is by Senties se rugbyveld en by die Kroonstad Buiteklub aangebied. Dit was so lekker om te sien hoe die kinders se vaardighede so pragtig ontwikkel. Skryf gerus u kind in vir 2020. Kinders van enige ouderdom tussen 4 en 15 is welkom!

Playball Groete
Bernice Deyzel
0768377167